

1

Atretes het genoeg gehad. Hy is moeg, sy ego geknou en sy geduld is op.

Nadat Hadassa hom vertel het dat sy seun nog lewe en dat die apostel Johannes weet waar hy gevind kan word, het hy onmiddellik begin planne maak. Omdat die skare hom verafgod, kan hy nie na willekeur na Efese toe gaan nie, maar moes hy wag dat dit donker word. Hy het die apostel se huis maklik gekry – Hadassa het goeie aanwysings gegee – maar die man van God is ’n besige persoon, selfs in die middel van die nag. Eers was hy besig om ’n siek kind te vertroos en daarna is hy uitgeroep om iemand se sterfbedbelydenisse aan te hoor.

Atretes het vir Johannes gewag, maar ná ure se gesit het die apostel laat weet dat hy direk na ’n vroegoggend-aanbiddingsdiens langs die rivier sou gaan. Atretes het hom ergerlik soontoe gevolg en by die groot skare aangesluit wat gekom het om Johannes oor Jesus Christus, hulle opgestane God, te hoor praat. ’n Skrynerker van Galilea? ’n God? Atretes het hom doof gehou vir die prediking en op ’n stil plek onder ’n terpentynboom gaan sit, vasbeslote om te wag.

Maar nou is hy klaar gewag. Die son het lankal reeds opgekom en hierdie aanbidders is nog steeds besig om hulle hemelse koning te besing en hulle stories oor bevryding van siektes, hartseer, gewoontes en selfs demone te vertel. Hy is siek en sat geluister na hulle gedweep. Sommige word nou sommer met klere en al in die rivier onderdompel. Het hulle almal mal geword?

Atretes staan op en loop af na waar die agterste mense staan en tik ’n man op die skouer. “Hoe lank duur hierdie byeenkomste gewoonlik?”

“So lank as wat die Gees ons lei,” sê die man met ’n sydelingse blik na hom voordat hy weer begin sing.

Die gees? Wat op aarde beteken dit? Atretes is gewoond aan die dissipline van oefenprogramme en reëls, aan konkrete feite; hierdie man se antwoord beteken vir hom niks nie.

“Is dit jou eerste maal hier ... ”

“En my laaste,” onderbreek Atretes die man, gretig om sy loop te kry.

Die man kyk terug na hom en die glimlag versteen op sy gesig. Sy oë rek. “Jy’s Atretes!”

'n Stroom adrenalien pols deur Atretes en sy spiere verstyf. Hy kan vlug of veg. Daar is 'n grimmige trek om sy mond, maar hy staan asof hy geplant is. Die eerste opsie is teen sy beginsels; die lang nag se wag het hom lus gemaak vir baklei.

Dwaas! bestraf hy homself. Hy moes stilgebly het en so onopsigtelik moontlik onder die boom bly wag het eerder as om aandag op homself te vestig. Maar dis nou te laat.

Hy regverdig homself. Hoe moes hy weet dat mense hom nog steeds sou onthou? Dis nou agt maande sedert hy die arena verlaat het. Hy het gedink dat hy teen hierdie tyd vergete sou wees.

Maar die Efesiërs het 'n lang geheue.

Ander draai om by die hoor van sy naam. 'n Vrou snak na haar asem en fluister iets vir die mense om haar. Die nuus van sy teenwoordigheid versprei soos 'n wind in droë blare. Mense kyk om om te sien waaroor die beroering gaan en sien hom dadelik raak waar hy kop en skouers bo die res uitstaan, sy vervloekte blonde hare soos 'n baken in die nag.

Hy vloek binnensmonds.

“Dit is Atretes,” sê iemand en sy nekhare rys. Hy weet dit sal wys wees om so gou moontlik weg te kom, maar hardkoppigheid en die vurige deel van sy geardeheid kry die oorhand. Hy is nie meer 'n slaaf van Rome nie, nie meer 'n *gladiator* wat in die arena veg nie. Sy lewe moet weer aan hom behoort. Wat is die verskil tussen die mure van 'n luukse villa en dié van 'n *ludus*? Hy bly die gevangene.

Die tyd het gekom! dink hy woedend-gefrustreerd. Hy gaan uitvind wat hy wil weet en dan loop. Enigiemand wat hom gaan probeer keer, sal dit ontgeld.

Nadat hy die verbaasde man uit sy pad gedruk het, baan hy sy weg deur die skare. Opgewonde fluisteringe rimpel deur die see mense terwyl hy deur hulle beweeg.

“Maak plek! Dis Atretes. Hy gaan vorentoe!” roep iemand uit en die voorste mense staak hulle gesing en draai om en staar.

“Prys die Here!”

Atretes se mond is strak toe die gedruis van opgewonde stemme hom insluk. Selfs ná tien jaar in die arena is die Germaan nog nie gewoond aan die beroering wat sy teenwoordigheid noodwendig aan 'n byeenkoms verleen nie.

Sertes, organiseerder van die Efesiese spele en die man wat hom by die Groot Ludus van Rome gekoop het, was verheug oor die skare se reaksie op sy beste *gladiator* en het elke geleentheid uitgebuit om Atretes bloot te stel en sy eie sakke sodoende met goud te vul. Die Efesiër het omkoopgeld van welgestelde borge ontvang en hom na feeste geneem waar hy gepamperlang en getroetel is.

Die saad

Ander *gladiators* geniet sulke koninklike behandeling en verlustig hulle in die plesiertjies wat tydens hulle laaste ure aan hulle opgedis word voordat hulle die volgende dag in die arena verskyn. Atretes het altyd min geëet en gedrink. Hy was van plan om te oorleef. Hy het hom eenkant gehou, sy gashere geïgnoreer en die gaste met soveel wreedaardige minagting aangegluur dat hulle wye draaie om hom geloop het.

“Jy gedra jou soos ’n wilde dier in ’n hok!” het Sertes eenmaal gekla.

“Omdat jy en die res my so gemaak het.”

Die herinneringe aan daardie tyd vuur net sy woede aan waar hy nou deur die skare langs die rivier beur. Hadassa het gesê hy moet met die apostel Johannes gaan praat. Hierdie starende, mompelende gekke gaan hom nie keer nie.

Die gegons van opgewonde stemme groei. Ten spyte van sy lengte voel die kryger vasgedruk deur die skare. Die mense raak aan hom terwyl hy sy pad deur hulle forseer. Hy verstyf instinktief en druk hulle terug. Hy wag dat hulle na hom moet gryp soos die *amoratae* wat hom dikwels deur die strate van Rome agtervolg het, maar hierdie mense, opgewonde oor sy teenwoordigheid, lê net hulle hande op hom om hom vorentoe te help.

“Prys die Here ... ”

“Hy was ’n *gladiator* ... ”

“ ... hom eenmaal sien veg voordat ek ’n Christen was ... ”

Die mense drom van agter af om hom saam en sy hart klop swaar. Koue sweet slaan op sy voorkop uit. Hy hou nie daarvan om enigiemand agter hom te hê nie.

“Maak plek,” sê ’n man. “Laat hom deur!”

“Johannes! Johannes! Atretes kom vorentoe!”

Weet hulle alreeds hoekom hy na hierdie byeenkoms van *die Weg* gekom het? Het Hadassa hulle op een of ander manier laat weet?

“Nog een! Nog een vir die Here!”

Iemand begin weer sing en hy voel die hoendervleis op sy rug uitslaan toe die musiek rondom hom swel. ’n Paadjie maak voor hom oop. Hy wag nie om te wonder nie, maar loop die laaste entjie na die rivieroewer.

Verskeie mans en vroue staan in die water. Een word in die water laat sak. Iemand anders is druijpnat besig om water in die lug te spat. Hy lag en huil deurmekaar terwyl ’n paar ander nader loop om hom te omhels.

’n Ou man geklee in ’n geweefde tuniek en gestrepte lyfband help nog iemand om uit die water op te staan terwyl hy sê: “Jy is deur die bloed van die Lam skoongewas.” Die gesing word harder en vroliker. Die man loop nou vinnig na sy vriende toe. Een omhels hom huilend en die ander drom om hom saam.

Atretes wil so gou moontlik van hierdie plek en hierdie mal menigte wegkom. “Jy daar!” roep hy na die man met die gestreepte band. “Is jy Johannes? Die een wat hulle ‘die apostel’ noem?”

“Dit is ek.”

Atretes loop tot in die water en ignoreer die opwinding wat agter hom losbreek. Sertes het eenmaal gesê dat die apostel Johannes ’n groter bedreiging vir die Romeinse Ryk inhou as al die opstande op die grens saam, maar waar hy nou voor hom staan, kan Atretes niks sien om te vrees nie. Trouens, Johannes lyk besonder onindrukwekkend.

Atretes het egter geleer om nooit ’n man op sy baadjie te takseer nie; dure ondervinding het hom geleer om geen man te onderskat nie. ’n Lafaard het soms meer geslepenheid as ’n dapper man, en selfs ’n skynbaar weerlose persoon kan ongeneeslike wonde toedien. Julia het sy hart met haar verraad en leuens uit sy borskas geruk.

Hierdie man het een wapen teen hom, ’n wapen wat Atretes by hom gaan neem. Hy plant sy voete op die bodem, sy gesig en stem so hard soos klip.

“Jy het my seun. Hadassa het hom vier maande gelede vir jou gegee. Ek wil hom terughê.”

“Hadassa,” sê Johannes en sy uitdrukking versag. “Ek was besorg oor haar. Ons het ons klein sustertjie so lank nie gesien nie.”

“Julle sal ook nie. Sy is saam met die veroordeeldes in die kerkers onder die arena.”

Johannes laat sy asem uit asof hy in die maag getref is en dan murmel hy iets.

“Sy’t gesê jy het my seun vir ’n weduwee met die naam Rispa gegee,” sê Atretes. “Waar kan ek haar kry?”

“Rispa bly in die stad.”

“Waar presies?”

Johannes kom vorentoe en plaas sy hand op Atretes se arm. “Kom. Ons moet praat.”

Hy skud die man se hand weg. “Sê my net waar ek die vrou kan kry wat my seun het.”

Johannes kyk weer na hom. “Toe Hadassa die kind na my toe gebring het, het sy opdrag ontvang om hom op die rotse te gaan los om te sterf.”

“Ék het g’n so ’n bevel gegee nie.”

“Sy het vir my gesê die pa wil die kind nie hê nie.”

Die hitte stroom oor Atretes se gesig. Sy mond verstrak. “Die kind is myne. Dis al wat jy hoef te weet.”

Johannes frons. “Is dit omdat sy die kind na my toe gebring het dat Hadassa gevange geneem is?”

Die saad

“Nee.” Hadassa se ongehoorsaamheid sou genoeg wees om haar die doodstraf te laat verdien, maar dit was nie die rede waarom Julia haar na die arena toe gestuur het nie. Daarvan is hy seker. So ver hy weet, is Julia nie eens bewus daarvan dat haar kind nog lewe nie. Maar aan die ander kant kon Julia Hadassa op grond van die geringste irritasie laat doodmaak. Hy ken net een feit rakende wat met Hadassa gebeur het.

“Een van die bediendes het my vertel dat Hadassa beveel is om wierook ter ere van die keiser te brand. Sy het geweier en bely dat julle Christus die enigste ware god is.”

Johannes se oë blink. “Prys die Here.”

“Sy was ’n dwaas.”

“’n Dwaas vir Christus.”

“Is jy tevrede?” vra Atretes ongelowig. “Daardie paar woorde gaan haar lewe kos.”

“Nee, Atretes. Enigiemand wat in Jesus glo, sal nie sterf nie, maar sal die ewige lewe hê.”

Atretes word ongeduldig. “Ek het nie hiernatoe gekom om oor jou god of jou geloof in die lewe na die dood te praat nie. Ek het vir my seun gekom. Sal die woord van sy losbandige ma jou oortuig dat ek die pa is? Ek sal Julia Valerian hiernatoe sleep en haar op haar knieë voor jou kom neersit om dit te bevestig. Sal dit deug? Jy kan haar dan verdrink vir die hoer wat sy is. Ek sal jou selfs help.”

Johannes beantwoord die barbaar se woede met teerheid. “Ek twyfel nie daaraan dat jy die pa is nie. Ek dink aan die kind se behoeftes, Atretes. Dis nie ’n situasie sonder ernstige gevolge nie. Wat van Rispa?”

“Watter behoeftes het ’n baba behalwe om gevoed en warm gehou te word? Wat die vrou betref, gee vir haar ’n ander kind. Sy het geen reg op myne nie.”

“Die Here het ingegryp en jou seun se lewe gered. As dit nie ... ”

“Hadassa het ingegryp.”

“Dit was nie toeval dat sy die kind juis op daardie tydstip na my toe gebring het nie.”

“Hadassa het self gesê dat as sy geweet het ek wou die kind hê, sy hom na my toe sou gebring het!”

“En hoekom het sy nie geweet nie?”

Atretes byt hard op sy tande. As dit nie vir die groot skare omstanders was nie, sou hy brute krag gebruik het om die inligting uit hierdie man te kry. “Waar is hy?”

“Hy’s veilig. Hadassa het gedink die enigste manier om jou seun te red was om hom vir my te gee.”

Atretes se koue oë vernou. 'n Spier spring in sy wang terwyl die hitte oor sy gesig spoel. Hy probeer sy verleentheid agter 'n muur woede verberg, maar weet hy het misluk. Daar was nog net een persoon wat na hom gekyk het asof sy onder sy vel, tot in sy hart en gedagtes, kon sien: Hadassa. Tot nou toe, in elk geval. Want nou doen hierdie man dieselfde.

Herinneringe spoel meteens deur hom. Toe die slavin na hom toe gekom het om vir hom te sê dat die kind wat Julia verwag het syne is, het hy gesê dat hy nie omgee nie. Watter versekering het hy in elk geval gehad dat die kind syne is? Ondanks Hadassa se versekering was Atretes te rou van Julia se verraad met 'n ander man en te kwaad om helder te dink. Hy het vir Hadassa gesê selfs al sou Julia Valerian die baba voor sy voete kom neersit, sou hy wegloop sonder om ooit weer terug te kyk. Hy sal nooit die hartseer op die slavin se gesig vergeet nie ... ook nie die spyt wat amper dadelik daarna deur hom gegolf het nie. Maar hy was Atretes! Hy sou haar nie terugroep nie.

Hoe sou hy kon raai dat enige vrou so ongenaakbaar teenoor haar kind kon staan soos Julia? Geen Germaanse vrou sou daarvan droom om te beveel dat haar kind op die rotse gelos moet word nie. Geen Germaan nie. Net 'n "beskaafde" Romeinse vrou sal so iets deurvoer.

As dit nie vir Hadassa se ingryping was nie, sou sy seun gesterf het.

Hy dwing homself terug na die hede en fokus op die man wat so geduldig voor hom staan. "Die kind is myne. Wat ek destyds gesê of nie gesê het nie, maak nie saak nie. Hadassa het my hiernatoe gestuur, en ek sal my seun kry."

Johannes knik. "Ek sal Rispa laat kom en met haar praat. Sê my waar jy bly, dan sal ek die kind vir jou bring."

"Sê my waar sy is, en ek sal hom self gaan haal."

Johannes frons. "Atretes, dit gaan baie moeilik wees. Rispa het die kind so lief asof hy haar eie is. Dit gaan nie maklik vir haar wees om hom op te gee nie."

"Dan sal dit juis beter wees as ek self gaan. Ek is nie so dom dat ek jou die geleentheid gaan gee om hierdie vrou rakende my intensies te waarsku sodat sy die stad kan verlaat nie."

"Nie ek of Rispa sal jou seun van jou weghou nie."

"Ek het net jou woord daarvoor, en jy is vir my niks meer as 'n vreemdeling nie. Een wat nie al sy varkies het nie," sê hy met 'n veelbetekenende blik na die aanbidders. "Ek het geen rede om jou te vertrou nie." Hy gee 'n spottende laggie. "En selfs minder rede om enige vrou te vertrou."

"Jy het Hadassa vertrou."

Sy gesig verdonker.

Nadat Johannes 'n oomblik na hom gekyk het, vertel hy hom waar hy Rispa kan kry. "Ek bid dat jou hart aangeraak sal wees deur die barmhartigheid en

genade wat God jou bewys het deur jou seun se lewe te spaar. Rispa se geloof is reeds diep beproef.”

“En dit beteken?”

“Sy moes al baie tragedies in haar jong lewe verduur.”

“Hierdie een is nie my skuld nie.”

“Nee, maar ek vra dat jy haar nie sal verkwalik vir wat gebeur het nie.”

“Die fout lê by sy ma. Ek blameer nie vir Hadassa of vir jou of hierdie weduwee nie,” sê Atretes toegeefliker nou dat hy die verlangde inligting ontvang het. “En in elk geval,” vervolg hy met ’n wrang glimlaggie, “ek is seker hierdie weduwee van jou sal baie beter voel nadat sy ’n ruim vergoeding vir haar dienste ontvang het.” Hy ignoreer Johannes se gepynigde uitdrukking. Toe hy omdraai, sien hy dat die mense stil geword het. “Waarvoor wag hulle?”

“Hulle het gedink jy het gekom om gedoop te word.”

Atretes lag honend toe hy teen die skuinste opstap sonder om weer na die skare langs die rivier te kyk.

Atretes volg die buitenste pad na sy villa en wag weer. Dit sal veiliger wees om die stad ná donker in te gaan, en daar is ’n paar ander sake waarvan hy in sy haas vergeet het.

“Lagos!” Sy bulderende stem eggo teen die marmertrap op. “Lagos!”

’n Man kom met die boonste gang afgehardloop. “My heer!”

“Gaan na die slawemark toe en koop ’n soogvrou.”

Lagos kom die trappies afgedraf. “’n ... Soogvrou, my heer?”

“Maak seker sy’s ’n Germaan.” Hy loop deur die binnehof na die baddens.

Lagos volg hom ontstemd. Hy het al verskeie meesters gehad en hierdie een is by verre die onvoorspelbaarste. Lagos het baie geëerd gevoel om onder Atretes, die gesogste *gladiator* in die Romeinse Ryk, se slawe gereken te word, maar hy het nooit verwag dat die man op die randjie van waansin is nie. Gedurende die eerste week wat hy in hierdie villa deurgebring het, het Atretes al die meubels stukkend geslaan, sy slaapkamer aan die brand gesteek en verdwyn. ’n Maand later het Silus en Gallus, twee *gladiators* wat Atretes as wagte by Sertes gekoop het, hom gaan soek.

“Hy bly in die grotte in die heuwels,” het Silus met hulle terugkoms aangekondig.

“Julle sal hom moet terugbring!”

“En ons lewe op die spel plaas? Vergeet dit! Gaan jy gerus, ou man. Nie ek nie. Ek is te lief vir my lewe.”

“Hy sal doodgaan van die honger.”

“Hy eet die vleis van diere wat hy met een van daardie dodelike *frameas* jag wat die Germane gebruik,” het Gallus vertel. “Hy’s weer heeltemal wild.”

“Moet ons nie iets doen nie?” het Pilia gevra. Die slawemeisie was duidelik ontsteld omdat haar meester in ’n barbaarse staat verval het en soos ’n wilde dier leef.

“Wat stel jy voor doen ons, skattie? Stuur jou na sy grot toe om hom in ’n beter bui te kry? Jy sal beter vaar as ek,” het Silus gesê en haar wang geknyp. Sy het sy hand weggeklap en hy het laggend vervolgt. “Ek weet jy is eintlik bly dat Julia die meester afgesê het. As hy ooit weer sy verstand terugkry en tuiskom, sal jy hom by die deur inwag.”

Terwyl Silus en Gallus hulle aan wyn te buite gegaan het en oor hulle wedervaringe in die arena gesels het, het Lagos die huishouding waargeneem. Alles moes glad en ordelik verloop indien Atretes sou besluit om terug te kom.

Wat hy toe ook sonder waarskuwing gedoen het. Nadat hy vyf maande weg was, het hy eendag uit die bloute by die villa opgedaag, sy velklere uitgetrek, gebad, geskeer en ’n tuniek aangetrek. Daarna het hy een van sy bediendes gestuur om Sertes te ontbied, en toe die organiseerder van die spele opdaag, het hulle agter geslote deure gesels. Die volgende middag het ’n boodskapper kom rapporteer dat die vrou na wie Atretes soek in ’n kerker was. Atretes het net na donker die nag in verdwyn.

Nou is hy terug, op soek na ’n soogvrou. ’n Germáánse soogvrou, asof hulle soos druiwekorrels aan ’n wynstok groei. Daar is nie ’n kind in die huishouding nie, en Lagos wil nie eens probeer dink waarom sy meester so ’n opdrag uitgedink het nie. Vir hom is daar net een oorweging: oorlewing.

Nadat hy hom gestaal het, maak hy sy mond oop om sy meester aan sekere onontkombare feite te herinner. “Dit mag dalk nie moontlik wees nie, my heer.”

“Betaal wat hulle vra. Ek gee nie om hoeveel dit is nie.” Atretes gooi sy gordel eenkant neer.

“Dis nie altyd ’n geval van prys nie, my heer. Germane is hoog in aanvraag, veral as hulle blond is en daar is op die oomblik ’n skaarste ... ” Die bloed dreineer uit sy gesig by die sardoniese kyk wat Atretes hom gee. As enigiemand hierdie gegewens ken, is dit hy. Lagos wonder of Atretes weet dat daar ’n nuwe standbeeld van Mars opgerig is wat merkwaardig baie ooreenkom met die *gladiator* wat nou so ongeduldig na hom kyk. Beeldjies van Atretes word nog steeds buite die arena verkoop. Net nou die dag het Lagos afgodswinkeltjies op die mark raakgeloop waar Apollo-figure verkoop word wat opvallend baie soos Atretes lyk, alhoewel effens meer welbedeeld as enige normaalgeskape man.

“Ek’s jammer, my heer, maar dalk is daar nie ’n Germaanse soogvrou beskikbaar nie.”

Die saad

“Jy’s ’n Griek. Grieke is vindingryk. Kry een! Sy hoef nie blond te wees nie, maar maak seker sy’s gesónd.” Hy stroop sy tuniek af en ontbloot die liggaam wat deur honderde *amoratae* aanbid word. “En sorg dat sy môreoggend hier is.” Hy loop na die rand van die bad.

“Ja, my heer,” sê Lagos stroef en besluit dis beter om so gou moontlik aan die werk te spring eerder as om tyd te mors deur met ’n mal barbaar te probeer redeneer. As hy misluk, sal Atretes ongetwyfeld sy lewer vir aandete bestel.

Atretes duik in die bad en die koue water bring verligting aan sy koorsige denke. Toe hy opkom, skud hy die water uit sy hare. Hy sal vanaand teruggaan stad toe. Alleen. As hy Silus en Gallus saamneem, sal hulle net aandag trek. En in elk geval, selfs twee opgeleide wagte is geen verweer teen ’n skare nie. Dit sal baie beter wees as hy alleen stad toe gaan. Hy sal gewone klere dra en sy hare bedek. Sodoende behoort hy nie probleme te hê nie.

Nadat hy gebed het, dwaal hy deur die huis. Hy is rusteloos en gespanne toe hy uiteindelik in die grootste kamer op die tweede vloer staan. Hy was nog nie weer in hierdie vertrek sedert hy dit meer as vyf maande gelede aan die brand gesteeke het nie. Hy kyk rond en sien dat die bediendes dit op hulle geneem het om die verkoolede meubels, muurbehangsels en gebreekte Korintiese vase te verwyder. En al het hulle die marmer geskrop, is daar steeds duidelike tekens van die verwoesting wat hy aangerig het. Hy het hierdie villa vir Julia gekoop. Hy wou haar as sy vrou hiernatoe bring. Hy was deeglik bewus van Julia se liefde vir luukshede en onthou hoe trots hy was toe hy dit met die duurste bykomstighede ingerig het. Hulle sou hierdie kamer gedeel het.

Toe trou sy met iemand anders.

Hy kan nog steeds die leuens en flou verskonings hoor wat sy aan hom opgedis het toe hy haar ’n paar maande na sy vrylating wou gaan opeis. Sy het gesê haar man is ’n homoseksueel met ’n skandjonge en was nie in haar geïnteresseerd nie. Sy het gesê sy het met hom getrou om haar finansiële onafhanklikheid, haar vryheid te beskerm.

Verraderlike heks!

Hy moes van die begin af deur haar gesien het. Het sy nie vermom as ’n prostituut na die Artemision toe gegaan om sy aandag te trek nie? Het sy Sertes nie omgekoop om hom uit die *ludus* te laat kom wanneer sy hom wou sien nie? Solank dit nie met Sertes se oefenprogram vir hom ingemeng het nie, is haar versoeke toegestaan. En soos ’n dwaas het hy gegaan wanneer sy haar juweelversierde vingers geklap het. Verblind deur haar skoonheid, verslaaf aan haar hartstog, het hy gegaan ... en sy het hom vernietig.

Wat ’n dwaas!

Wanneer hy Julia Valerian in sy arms geneem het, was sy trots en selfrespek

iets wat deur die wind weggewaai is. Hy het skande omhels. Gedurende die maande van hulle geheime verhouding het hy na sy sel in die *ludus* teruggegaan, depressief en ongemaklik, onwillig om die waarheid in die oë te kyk. Toe al het hy geweet wat sy was. Tog het hy haar toegelaat om hom te gebruik, soos almal hom gebruik het sedert hy gevange geneem is. Julia se sagte, syagtige arms was sterker om sy liggaam as enige kettings waarmee hy ooit gebind is.

Toe hy haar die laaste keer gesien het, het sy uitgeroep dat sy hom liefhet. Liefde! Sy het so min van liefde én van hom geweet dat sy gedink het haar huwelik met iemand anders sou niks verander nie! Sy het gedink hy sou steeds gewillig wees om na haar toe te gaan wanneer sy daarna voel.

Hoeveel jare se skrop en was gaan dit kos om haar smet van hom af te kry? Waar hy nou na die kaal, verwoeste kamer voor hom kyk, sweer hy dat geen vrou ooit weer so 'n houvas op hom sal hê nie.

Teen sononder trek Atretes 'n wolmantel aan en druk 'n dolk in sy gordel voordat hy koers kry Efese toe. Hy mik in 'n noordwestelike rigting deur die heuwels met 'n paadjie wat hy goed ken voordat hy die hoofpad bereik. Die klein huisies wat een-een in die platteland staan, is digter op mekaar gebou namate hy die stad nader. Volgelaaide waens skommel met die hoofpad na die stadspoorte. Hy loop ongesiens in die skaduwee van een so 'n wa sodat hy nie deur die groeiende menigte bemerk word nie.

Die drywer sien hom. "Jy daar! Gee pad van die wa af!"

Atretes wys vir hom 'n lelike teken.

"Wil jy baklei?" gil die drywer en kom half orent in sy sitplek. Atretes lag spottend, maar sê niks nie. Sy aksent sal hom weggee; Germane is skaars in hierdie deel van die Ryk. Dan wyk die donker en moet Atretes verby die aangesteekte fakkels en Romeinse wagne in die poort. Een soldaat kyk na hom en hulle oë ontmoet vir 'n breukdeel van 'n sekonde. Atretes sien 'n sweempie belangstelling in die Romein se oë en laat sak sy kop sodat sy gesig nie mooi gesien kan word nie. Die wag praat met 'n kameraad en Atretes beweeg rats tussen 'n groep reisigers in en draai in die eerste beskikbare systraat af. Hy wag in die donkerte, maar die wag het niemand gestuur om te volg nie.

Atretes kom behoedsaam uit die systraat, dankbaar dat die maan vol genoeg is om op die wit stene in die granietstraat te weerkaats.

Volgens Johannes bly die vrou en sy kind op die tweede vlak van 'n bouvallige *insula* in die arm deel, suidoos van die biblioteke naby die Artemision. Atretes weet hy sal die regte gebou kry as hy hom deur die hart van die stad begewe.

Naby die tempel is daar meer mense en hy besluit om eerder die agterstraatjies te volg. Iewers in die doolhof stegies struikel hy oor 'n man wat teen 'n muur

slaap. Die man kreun, swets, trek sy mantel oor sy kop en draai op sy sy.

Atretes hoor stemme agter hom en rek sy tree. Toe hy om 'n hoek gaan, gooi iemand 'n emmer nagvuil uit 'n venster op die derde vloer. Hy spring gewalg terug en gil na die oop venster.

Die stemme word stil, maar hy hoor steeds bewegings in die donker agter hom. Hy swaai om, sy oë nougetrek. Daar is ses figure wat hom stillietjies probeer agtervolg. Hy draai heeltetal om, slaggereed. Toe hulle besef dat hy hulle gesien het, neem die sluipers 'n aanvallende houding in. 'n Paar maak tartende geluide om hom die skrik op die lyf te jaag. Dan sprei hulle uit en kom berekend nader. Een is duidelik die leier, want hy beduie en die ander vyf beweeg na hulle afgespreekte posisie waarvandaan hulle die slagoffer se ontsnapping kan verhoed.

'n Lem blink en Atretes glimlag. "Is julle seker julle weet wat julle doen?"

"Jou geldsak," sê die leier. Aan sy stem kan Atretes hoor dat hy jonk is.

"Gaan huis toe en klim in jou bed, seun, en dalk sal jy die nag oorleef."

Die jongeling gee 'n spotlaggie terwyl hy dit steeds nader waag.

"Wag, Palus," sê een en klink senuweeagtig.

"Ek het nie 'n goeie gevoel hieroor nie," sê 'n ander stem uit die donker. "Hy's 'n kop langer ..."

"Hou jou bek, Tomas! Daar is ses van ons en net een van hom."

"Miskien het hy nie geld nie."

"Hy het geld. Ek het die munte hoor klingel. Swaar munte." Palus tree nader. Die ander volg hulle leier. "Die beursie!" Hy klap sy vingers. "Gooi dit vir my."

"Kom haal dit."

Niemand beweeg nie. Palus noem hom 'n lelike naam, sy jong stem die ene verontwaardiging.

"Ek het nie gedink jy sou nie," sê Atretes spottend. Dis te veel vir sy aanvaller se trots en die seun kap met sy mes na hom.

Dis maande sedert Atretes geveg het, maar dit maak nie saak nie. Al die opleiding en fyngeslypte instinkte is oombliklik terug. Hy beweeg rats en die dolksteek is mis. Die volgende oomblik het hy die seun se gewrig gegryp, sy arm ondertoe geruk en gedraai sodat dit uit die skouerpotjie spring. Palus val skreeuend op die grond neer.

Die ander weet nie mooi wat om te doen nie. Een waaghalsige dwaas besluit om aan te val en die res volg. Een van hulle slaan Atretes in die gesig terwyl iemand anders op sy rug spring. Atretes gooi sy volle gewig teen die muur agter hom en skop die een voor hom laag en hard in die maag.

Twee vuishoue tref Atretes teen die kant van sy kop voordat hy sy elmoog skerp oplig en 'n aanvaller teen die bors tref. Die booswig sak in 'n hygende bondel op die grond neer.

In die gestoei het Atretes se mantel losgekom en van sy kop afgegely sodat sy hare blond in die maanlig blink.

“Zeus! Dis Atretes!” Die wat nog kan, skarrel soos rotte voor hom uit.

“Help my!” roep Palus uit, maar sy vriende het hom versaaak. Kreunend en met sy gebreekte arm teen sy bors gedruk, spartel Palus agteruit totdat hy teen die muur is. “Spaar my lewe,” huil hy. “Moet my nie doodmaak nie. Asseblief! Ons het nie geweet dis jy nie.”

“Seun, die grootste lafaard in die arena was dapperder as jy.” Nadat hy oor hom getree het, verdwyn hy in die stegie.

Hy hoor stemme voor hom. “Ek sweer! Dit was hy! Hy was gróót en sy hare was wit in die maanlig. Dit was Atretes!”

“Waar?”

“Af in daardie straat! Ek sweer hy’t Palus doodgemaak.”

Atretes swets binnensmonds en hardloop in nog ’n nou straatjie af. Hy beweeg nou in die teenoorgestelde rigting as waarheen hy op pad wil wees. Nadat hy ’n entjie padlangs gedraf het en weer in ’n laning opgedraai het, is hy min of meer op koers. Voor hom is ’n hoofdeurgang naby die Artemision. Hy beweeg stadiger, onwillig om deur sy haas weer aandag te trek. Hy trek die mantel weer oor sy hare en laat sak sy ken toe hy die besige straat betree.

Die straat is vol stalletjies en smouse wat hulle ware probeer verkwansel. Terwyl Atretes sy weg deur die mense baan, sien hy miniatuurtempels en beeldjies van Artemis, skottels vol gelukbringers en sakkies wierook. In die verbygaan loer hy na ’n afgodsverkoper se toonbank vol marmerbeeldjies. Iemand stamp teen hom en hy tree nader, veins belangstelling in die uitgestalde ware. Besoekers uit elke deel van die Ryk dwaal deur die strate op soek na winskopies. Atretes versteen toe hy die beeldjies van naderby beskou.

Die handelaar dink hy is ’n geïnteresseerde koper. “Kyk gerus, my heer! Hierdie is replikas van die nuwe standbeeld wat ter ere van Mars opgerig is. U sal nêrens beter vakmanskap kry nie.”

Atretes leun oor en tel een op. Hy kan dit nie glo nie. Dis hý! Hy gluur na die aanstootlike beeldjie. “Mars?” grom hy beskuldigend en ervaar ’n begeerte om die marmer in sy hand te vergruis.

“U is seker nuut in die stad. Is u op ’n pelgrimstog na ons godin?” Die verkoopsman wys na ’n klein beeldjie vol borste en ’n hooftooisel met simbole, onder andere dié van Tiwaz, die god wat Atretes in Germanië aanbid het.

“Daar is hy! Daar by die afgodsmaker se winkel!”

Atretes kyk skerp om en sien ’n dosyn jong mans wat deur die skare na hom toe beur. “Ek het jou gesê dis Atretes!”

“Atretes! Waar?”

Die saad

Die mense om hom draai om te staar. Die afgodsmaker kyk hom ook nou opomond aan. “Dit is jy. Liewe godedom!”

Atretes se arm skiet oor die tafel, gryp na die rand en keer dit om. Hy stamp ’n paar mense uit sy pad en probeer hardloop. ’n Man gryp sy tuniek. Atretes gil woedend en slaan hom in die gesig. Toe die man neerslaan, neem hy nog drie saam met hom.

Opwinding breek in die straat uit. “Atretes! Atretes is hier!”

Nog hande gryp na hom; sy naam word deur koorsige stemme gegil.

Atretes is nie gewoond aan vrees nie, maar dit pols deur hom namate die dolheid op straat toeneem. Binne oomblikke sal daar ’n oproer wees, met hom in die middel. Hy ploeg deur ’n halfdosyn klouende liggame, wetend dat hy moet weg. Nou.

“Atretes!” ’n Vrou gil en werp haar op hom. Toe hy haar afskud, krap haar naels sy nek. Iemand anders pluk ’n klos hare uit sy kop. Die mantel word van sy skouers afgeskeur. Mense skree.

Uiteindelik slaag hy daarin om los te breek en so ver hy hardloop, stamp hy mense wat hom wil keer uit sy pad. *Amoratae* gil en volg hom soos ’n trop wildehonde. Toe hy in ’n nou laning winkels afdraai, gooi hy nog ’n tafel om. Vrugte en groente rol oor die pad. Hy keer ’n toonbank met koperware om wat die pad van sy agtervolgers verder versper. Daar weerklink gille agter hom toe verskeie struikel en val. Nadat hy oor ’n klein waentjie gesprong het, draai hy skerp en hardloop in ’n steeg tussen twee *insulas* op. Toe hy sien dat dit ’n doodloopstraat is, is hy nader aan paniek as ooit tevore in sy lewe. Hy het eenmaal gesien hoe ’n trop wildehonde ’n man in die arena gejaag het. Toe die honde hom neertrek, het hulle hom uitmekaargeskeur. In hulle opgesweepte toestand kan hierdie *amoratae* net sowel dieselfde aan hom doen.

Atretes kyk angstig rond vir ’n wegkomplek. Hy hardloop na die naaste deur, maar dis gesluit. Daar is egter nie tyd om verder te soek nie en hy stormloop die deur. Die slot breek en toe die deur oopswaai, hardloop hy met ’n donker trap boontoe. Een vloer, dan twee. Hy gaan staan op ’n trapportaal en wag ’n oomblik. Terwyl hy sy asem terugkry, luister hy.

Gedempte stemme kom van buitekant in die straat. “Hy moes by een van die *insulas* ingegaan het.”

“Kyk daar!”

“Nee, wag! Hierdie deur is oopgebreek.”

Haastige voetstappe kom die trap opgehardloop. “Hy’s hier in.”

Atretes hardloop so sag moontlik in die gang af. Selfs met die huurkamers se deure gesluit, hang die reuk van baie mense swaar in die lug. ’n Deur gaan agter hom oop en iemand loer uit net toe hy in ’n muwwe, nou gangetjie

afswenk. Hy bereik die derde vloer en dan die vierde. Sy gillende agtervolgers het intussen die hele gebou wakker geraas. Toe hy op die dak uitkom, is hy in die oopte met nêrens om weg te kruip nie.

Die stemme kom met die trap op.

Daar is net een uitweg en Atretes neem dit. Hy hardloop voluit en spring oor die gapende afstand na die volgende gebou. Hy val hard en rol. Toe hy weer op sy voete is, skarrel hy tot naby 'n deur, duik in en skuil in die skadu's van 'n trap. Op daardie selfde oomblik kom 'n dosyn mense op die ander dak uitgepeul.

Atretes se longe brand en sy hart klop in sy ore terwyl hy hom so klein moontlik hou.

Die stemme sterf weg toe hulle een vir een die trap afhardloop om hom in die swak verligte binnekant van die *insula* te gaan soek. Atretes sak teen die muur terug en sluit sy oë terwyl hy sy asem terugkry.

Hoe op aarde gaan hy deur die stad kom, 'n weduwee met sy seun opspoor en homself en die kind uit die stad kry sonder om hulle albei se lewe in die proses te verloor?

Hy vervloek die afgodsmakers wat van hom 'n beeld vir hierdie afgod-honger mense gemaak het en dan verban hy alle gedagtes behalwe hoe hy in een stuk uit die stad gaan kom. Daarna sal hy aan 'n ander manier moet dink om sy seun te kry.

Hy wag 'n uur voordat hy dit met die trap ondertoe waag. Elke geluid ruk hom tot stilstand. Toe hy die straat bereik, hou hy teen die mure waar hy die sluier van donker skadu's as beskerming kan gebruik. Hy verdwaal. Uiteindelik, nadat die meeste kosbare donker ure ingesluk is, vind hy weer sy pad deur die doolhof stegies en nou straatjies.

Dis al besig om lig te word toe hy die stadspoorte bereik.